



Pastoor Tony Alamo

LOT SE VROU

deur Tony Alamo

Dink jy dat GOD Sodomiete in die Hemel sal toelaat? Indien wel, wonder ek waarom HY die stede Sodom, Gomorra, Admah en Zeboim afgebreek, dit verbrand en met die grond gelyk gemaak het. Ek wonder ook waarom GOD Lot se vrou in 'n soutpilaar laat verander het (Genesis 19:24-26). Dit was omdat sy omgekyk het en omdat Sodom steeds in haar verdorwe hart vasgelê was. Die engele het haar beveel om nie om te kyk nie (Genesis 19:17).

Daar is vir haar gesê om nie eens om te kyk na daardie sondige stad nie, want GOD haat sonde. Die engele het gesê: "Want ons gaan hierdie plek verwoes, omdat die geroep oor hulle groot is voor die aangesig van die HERE en die HERE het ons gestuur om dit te verwoes" (Genesis 19:13).

Luidens Esegïel 16:49-50 was Sodom se sonde "trotsheid ['Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val' (Spreek 16:18)], oorvloed van brood [gulsigheid: daar was 'n swetterjoel eetplekke in daardie plesieroordorp] en in sorgelose rus het sy en haar dogters geleef, [ledigheid is die duiwel se oorkussing], maar sy het die hand van die arme en behoeftige nie versterk nie [sy het nooit eens daaraan gedink om 'n greintjie van die HERE se werk te doen nie]. En toe hulle hoogmoedig was en gruwelikheid voor MY aangesig bedryf het, ... [het GOD gesê]."¹

Hoewel Sodom berug was as 'n bouse stad, het Lot, toe hy homself en

sy veewagters van Abraham geskei het, gekies om sy tente tot by Sodom op te slaan (Genesis 13:5-13). Dit was omdat die vrugbare vlakte wat die stad omring het "oral volop water" (Genesis 13:10), met baie palmbome en baie gras gehad het. Dit was 'n oase. Sodom was soos Palm Springs, Las Vegas, Bel Air of Beverly Hills. Die mense daar het 'n weelderige lewe gelei, maar aai, hoe beroerd is hulle, die Sodomiete, vandag in die Hel en die Poel van Vuur. Daar is geen genoeglike eetplekke of oorde in die Hel of in die Poel van Vuur nie, geen deftige etes, geen delikatesse nie. "Eet nie die brood van een wat afgunstig is nie en begeer nie sy lekker ete nie" (Spreek 23:6).

GOD het Lot se vrou bevry van vernietiging, maar sy het steeds Sodom in haar hart gehad. Die atmosfeer van Palm Springs/Las Vegas was te veel vir haar om op te gee. Mattheus 6:24 verklaar: "Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal

die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie GOD én Mammon dien nie!" Of GOD en enigeen of enige iets anders nie. In Lot se vrou se geval het sy Sodom liefgehad en GOD gehaat. Dit is waarom "sy omgekyk het" (Genesis 19:26). Kyk jy na iets? Soos pornografie? Indien wel, is dit wat in jou hart vasgelê is.

Die eerste en belangrikste gebod in die Bybel word in Markus 12:28-31 gegee: "En toe een van die skrifgeleerdes, wat bygekom het, hulle hoor redetwis, en wis dat HY [JESUS] hulle goed geantwoord het, vra hy vir HOM: Wat is die eerste gebod van almal? En JESUS antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die HERE, onse GOD, is 'n enige HERE; en jy moet die HERE jou GOD liefhê uit jou HELE hart en uit jou HELE siel en uit jou HELE verstand en uit jou HELE krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod

(Vervolg op bladsy 2)

LOT SE VROU

(Vervolg vanaf bladsy 1)

groter as dié nie.”² Dit is omdat, as jy GOD liefhet met alles wat in jou is en jou naaste soos jouself, sal jy hom nie vermoor nie. Jy sal nie begeer wat hy het nie; jy sal nie enigiets van hom steel nie. Jy sal nie valse beskuldigings oor hom bring of oor hom lieg nie en jy sal nie egbreuk pleeg nie. Jy sal jou vader en jou moeder in die HERE eer; jy sal die Sabbatdag onderhou, sewe dae ’n week (dit is, jy sal altyd in die GEES wandel³). Jy sal nie afgode aanbid nie en jy sal nie die HERE se naam ydelik gebruik nie.⁴ Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel (dit sal jou siel Hel toe stuur), het aan almal skuldig geword (Jakobus 2:10).

Kom ons kyk nou na die hart. Ons moet “die HERE jou GOD liefhê uit jou HELE hart” (Markus 12:30). Die hart is die regte altaar voor GOD. Het Lot se vrou GOD met haar HELE hart liefgehad? Nee! Haar hart was steeds by Sodom toe GOD probeer het om haar vry te maak van die naderende vernietiging. Haar hart was ’n altaar voor Sodom, nie GOD nie. Dit is dieselfde met die meerderheid mense vandag op aarde, hierdie wêreld! Die hart is die diepste self wat dink, voel en besluit. Lot se vrou het besluit om om te kyk na Sodom, want haar gedagtes was daar. Sy het besluit om dit daar te hou.

In die Bybel het die woord “hart” ’n baie wyer betekenis as wat dit in

die moderne verstand het. Die hart is dit wat kern tot ’n mens is. Byna alle verwysings na die hart in die Bybel verwys na een of ander aspek van die menslike persoonlikheid. In die Bybel word alle emosies ervaar deur die hart: liefde en haat (Psalm 105:25, 1 Petrus 1:22); vreugde en droefheid (Prediker 2:10, Johannes 16:6); vrede en bitterheid (Esegiël 27:31, Kolossense 3:15); moed en vrees (Genesis 42:28, Amos 2:16). Daar word beweer dat die denkprosesse deur die hart uitgevoer word. Hierdie intellektuele aktiwiteit stem ooreen met wat “verstand” genoem word in Afrikaans. Dus, die hart kan dink (Ester 6:6), verstaan (Job 38:36), begryp, (Jeremiah 9:14), onthou (Deuteronomium 4:9), wys wees (Spreke 2:10) en met homself praat (Deuteronomium 7:17).

Besluitneming word ook deur die hart uitgevoer. Lot se vrou het besluit om om te kyk toe sy aangesê

is om nie om te kyk nie, net soos getroude vroue deesdae besluit om egbreuk te pleeg teenoor hulle mans. Hulle harte is ook in Sodom met Lot se vrou. Hulle is, by wyse van spreke, “susters”. Hulle het in hulle harte besluit om valse beskuldigings teenoor mans te bring, deur te sê dat die man hulle verkrag het terwyl hulle nie deur die man verkrag is nie. Dit is ’n epidemie, ’n tsoenami van leuens wat die aarde bedek het.

Verder het die wêreldregering, met die hoofkwartier in Rome⁵ besluit, kom wat wil, om beheer te neem oor elke land deur van hulle oorspronklike leiers ontslae te raak en hulle met hulle eie mense te vervang, wat in die Nuwe Wêreldorde onderrig is, ten koste van honderde miljoene lewens. GOD, wat oral op dieselfde tyd is, sien dit egter alles en SY heilige engele ook.⁶ GOD ken ons harte.⁷

5 Dan. 2:40, 7:19-25, Op. 13:2-8, 17:1-9, 18 6 1 Sam. 16:7, 2 Kron. 16:9, Job 34:21, Ps. 44:21, 139:3-12, 147:4-5, Jes. 46:9-10, Jer. 1:4-5, 23:23-24, 32:18-19, Amos 9:1-4, Sag. 4:10, Matt. 6:8, 31-32, 10:26, 12:36, 25:31-46, Mark. 4:22, Luk. 8:17, 12:2, Hand. 15:18, Heb. 4:13, 1 Joh. 3:20, Jud. 14-15 7 Gen. 6:5-7, 1 Kron. 28:9, 2 Kron. 19:2-3, 32:31, Ps. 44:20-21, 73:1, Pred. 11:9-10, Jes. 14:9-17, Eseg. 11:17-21, 14:1-8, Matt. 5:8, 2 Kor. 9:7, Heb. 4:12-13, 1 Pet. 3:1-4, 1 Joh. 3:18-21

Uganda

Ek is verslaaf aan die Alamo Kerk. Ek voel ek is deel van die Pastoor Tony Alamo Bedieninge. Dit is die enigste kerk wat ek kon vind wat die ware Woord van God verkondig. Ek was in baie kerke, maar kon nie die regte waarheid kry nie. Toe ek egter Pastoor Tony Alamo se Evangelieliteratuur begin lees, het my lewe drasties verander.

Terloops, ek het onlangs my lewe vernuwe nadat ek net een nuusbrief gelees het; dit was genoeg om my te verander. Ek voel jammer vir die mense wat besluit het om die waarheid te ignoreer deur teen hierdie kerk te stry. Hoe meer hulle baklei, hoe verder dwaal hulle van die waarheid af en binnekort gaan hulle in die put val. Ek is jammer om te sê, maar dit is feite. Vra jouself of jy een van hulle is. As God Sy gratis asem van jou af wegneem, sal jy vir ewig saam met Hom wees of sal jy jou kop af skree in die poel van vuur vir die res van jou ewige lewe!?? Dink daaroor :)

Nuwaha Oscar

Mbarara, Uganda



ALAMO BEDIENINGS AANLYN
www.alamoministries.com

Hy sien dat daar geen gebede, geen reukwerk van gebede is wat van enigeen van hierdie bese mens en vrouens se harte af opstyg nie.

Ander aktiwiteite van die hart is doelmatigheid (Handelinge 11:23), bedoelings (Hebreërs 4:12) en wil (Efesiërs 6:6). Dit sal ons doel wees, ons bedoeling of ons wil om die HERE te volg of om HOM nie te volg nie. Laastens, hart beteken dikwels iemand se ware karakter of persoonlikheid. Dit sluit die eienskappe in van reinheid of boosheid (Jeremia 3:17, Matteus 5:8); opregtheid of ongevoeligheid – Lot se vrou se hart was byvoorbeeld opreg teenoor Sodom, maar ongevoelig teenoor GOD, die HERE, net soos dit die geval is met die meerderheid van die wêreld se bevolking vandag (Eksodus 4:21, Kolossense 3:22) – en volwassenheid of oproerigheid (Psalm 101:2, Jeremia 5:23). Dit alles beskryf die hart of ware karakter van individue. GOD ken die hart van elke mens.

I Samuel 16:7 verklaar: “Maar die HERE sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want EK ag hom te gering. Want nie wat die mens sien, sien GOD nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan.”

Aangesien mense uit hulle harte praat en optree, moet hulle dit goed bewaak (Matteus 15:18-19). “Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe” (Spreuke 4:23).

Die belangrikste plig van enigiemand is om GOD lief te hê met sy hele hart (Matteus 22:37). Met die hart glo ’n persoon in CHRISTUS en ervaar die liefde van GOD sowel as die teenwoordigheid van CHRISTUS in die hart (Jeremia 29:13, Romeine 5:5, 10:9-10, Efesiërs 3:17-19).

Die altaar in die Ou Testament is simbolies van ons harte. In die dae van Moses, het twee priesterlike altare belangrike rolle in die

ritueel van die tabernakel in die wildernis beklee. Dit was die altaar vir brandoffers (simbolies van CHRISTUS se dood vir almal wat hulle sondes bely het⁸) en die altaar van reukwerk (wat simbolies is van die gebede van ons harte van geloof in GOD en CHRISTUS vir ons versoeke aan HOM⁹). Die altaar vir brandoffers (Eksodus 27:1-8) is in die voorhof van die tabernakel gesit (Eksodus 40:6). (Die tabernakel is simbolies van ons wat glo, wat eintlik die Liggaam van CHRISTUS, SY tempel of tabernakel is.¹⁰)

Betreffende die altaar wat in Openbaring 8:3 genoem word en ons gebede uit ons hart, lees ons: “En ’n ander engel het gekom en met ’n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar [simbolies van ons harte] voor die troon te lê.”

(Vervolg op bladsy 4)

8 Ps. 40:5-8, Matt. 20:28, 26:28, Luk. 24:46-47, Joh. 1:29, 3:14-17, 6:51, 10:11-18, 11:49-52, Hand. 5:30-31, 20:28, 26:23, Rom. 3:22-26, 5:6-21, 1 Kor. 15:3-4, Gal. 1:3-4, 2:20, 4:4-5, Ef. 1:7, 2:13-18, 5:2, Kol. 1:14, 20-23, 2:13-15, 1 Tes. 5:9-10, 1 Tim. 2:5-6, Titus 2:13-14, Heb. 2:9-10, 7:24-27, 9:6-7, 11-28, 10:4-14, 18-20, 26, 13:12, 1 Pet. 1:18-21, 3:18, Op. 1:5-6 9 Op. 8:3-4 10 1 Kor. 3:16-17, 6:19-20, 2 Kor. 6:16, Ef. 2:19-22

Meksiko

(Vertaal uit Spaans)

Hallo Pastoor Tony en jou hele gemeente

God seën jou en mag HY jou beskerm van die bese. Geliefde Pastoor, die finale gebeure van die Bybelse profesieë gaan binnekort vervul word. CHRISTUS GAAN BINNEKORT KOM. Ek bedank my HEMELSE VADER deur CHRISTUS vir jou bediening en vir die literatuur wat jy skryf en dat dit op ’n wêreldskaal versprei word AS ’N GETUIENIS TOT ELKE NASIE. Ek gaan voort om jou literatuur te versprei.

Ek wil vir jou vertel dat ek reeds ’n groot boks nuusbriewe en twee T-hemde ontvang het. Dankie. Ek bid steeds vir jou en jou bediening en ek en my vrou vas ook sodat GOD reg sal laat geskied en sodat HY steeds elke noodsaaklikheid in jou bediening sal voorsien sodat die boodskap van verlossing deurlopend aan die wêreld verskaf sal word.

Geliefde Pastoor, mag GOD jou ryklik seën, en ek sal jou literatuur hier versprei.

Groete in Christus Jesus,

Abel Gutierrez

Guanajuato, Meksiko



Broer Gutierrez versprei Pastoor Alamo se literatuur by ’n vlooiemark in Guanajuato, Meksiko

LOT SE VROU

(Vervolg vanaf bladsy 3)

Kom ons kyk nou na die siel. Die siel-lewe is die self-lewe. Die HERE beveel dat ons onself moet verloën, wat beteken dat ons ons siel-lewe moet verloën en deur ons gees moet leef.¹¹ Wanneer ons die HERE aanvaar as ons persoonlike Verlosser, betree SY GEES ons gees.¹² Dan moet ons lewe deur die HEILIGE GEES en ons siel-lewe verloën, wat ons voormalige sondige lewe is. Ons siel-lewe word outomaties verloën wanneer ons deur ons gees lewe, wat ons doen wanneer die HERE SE GEES in ons gees woon en werk.¹³

“Moenie dink dat EK gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard [die swaard is die WOORD van GOD¹⁴]. Want EK het gekom om tweedrag te verwek tussen ’n man en sy vader, en tussen ’n dogter en haar moeder, en ’n skoondogter en haar skoonmoeder. En ’n mens se huisgenote sal sy vyande wees. Wie vader of moeder bo MY liefhet, is MY nie waardig nie; en wie seun of dogter bo MY liefhet, is MY nie waardig nie. En wie sy kruis nie neem en agter MY volg nie, is MY nie waardig nie. [Dit is ’n rowwe pad om te volg, maar ons moet dit volg as ons die ewigheid in die Hemel wil spandeer]. Wie sy [siel of vleeslike] lewe vind, sal dit verloor; en wie sy [siel of vleeslike] lewe verloor om MY ontwil, sal dit [sy ewige lewe] vind” (Mattheus 10:34-39).

Die manier waarop ons ons siel-lewe, of vleeslike lewe, verloor, is wanneer ons so geestelik raak en in die HERE SE GEES leef, dat ons siel of vleeslike lewe net die HEILIGE GEES absorbeer.

Daardeur is ons siel of vleeslike lewe totaal GOD, verswelg deur GOD. Dít is wat dit beteken om die HERE ons GOD met ons hele siel lief te hê. Dit is wanneer ons siel of vleeslike lewe heeltemal binnegedring of oorgeneem is deur die GEES van GOD. Wanneer dit gebeur, het ons die HERE toegelaat om die Skrif te vervul in Efesiërs hoofstuk 4 vers 11-13, wat vir ons sê: “En HY het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die Liggaam van CHRISTUS, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die SEUN van GOD, tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van CHRISTUS.” Weereens, dit is om die HERE jou GOD lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel.

Verder, aangaande die liefhê van die HERE jou GOD met jou hele verstand, sê 1 Korintiërs 2:15-16: “Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie. Want wie het die sin van die HERE geken, dat hy HOM sou kan onderrig? Maar ons het die sin van CHRISTUS.” Efesiërs 4:3-7 sê: “... en ernstig strewe om die eenheid van die GEES te bewaar deur die band van die vrede [wat in werklikheid is om die verstand van CHRISTUS te hê]. Dit is een liggaam en een GEES, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping [wat beteken om vir ewig in die Hemel met die Drie-enige GOD, SY engele en al die verlostes]; een HERE, een geloof, een doop, een GOD en VADER van almal, wat oor

almal en deur almal en in julle almal is. Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van CHRISTUS.”

Mense se verstand kan vernuwe (Romeine 12:2) en gesuiwer (2 Petrus 3:1) word. Hulle kan GOD liefhê met hulle hele verstand (Mattheus 22:37, Markus 12:30, Lukas 10:27). (Dit is al waaroor hulle dink. Hulle bid onophoudelik, altyd.¹⁵) Hulle het GOD se wette in hulle verstand ingeplant (Hebreërs 8:10). Aangesien ons Christene die “sin van CHRISTUS” het (1 Korintiërs 2:16), word ons beveel om eensgesind te wees (Romeine 12:16, 1 Petrus 3:8).

Om die HERE ons GOD met al jou krag lief te hê is om die tyd uit te koop. Efesiërs 5:1-16 sê: “Wees dan navolgers van GOD soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos CHRISTUS ons ook liefgehad het en HOM vir ons oorgegee het as ’n gawe en offer aan GOD [uit jou hart, die altaar, tot GOD] tot ’n lieflike geur. Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie,

¹⁵ Ps. 34:1, Matt. 26:41, Luk. 18:1, 21:36, 22:40, 46, Hand. 6:4, Rom. 12:12, Ef. 6:17-18, Fil. 4:6, Kol. 4:2, 1 Tes. 5:17, 1 Tim. 2:8, Jak. 5:16, 1 Pet. 4:7

El Salvador

(Vertaal uit Spaans)

Geliefde broeders in Christus Jesus

Ek bedank jou dat jy my onthou aangesien ons vir jou en vir jou bediening bid. Dankie dat jy ons gehelp het om onself te verbeter en dat ons in staat is om meer mense met al die literatuur in Christus kan bereik. Ek smee jou om steeds vir my nog Bybels en meer literatuur te stuur, want ons gebruik dit om meer mense daarmee te evangeliseer en hulle aanmoedig om na die voete van Christus te kom.

Seëninge geliefdes.

Xavier Campos

San Salvador, El Salvador

¹¹ Matt. 6:22-24, Luk. 9:23-25, Joh. 6:63, Rom. 6:1-13, 7:4-6, 8:1-14, 13:12, 1 Kor. 10:21, 2 Kor. 6:14-18, Jak. 4:4, 7-8, 1 Pet. 2:9 ¹² Joh. 3:3-8, 14:23-26, 15:26-27, Hand. 1:1-8, 2:1-18, 38-39 ¹³ Eseg. 36:27, Joh. 14:15-21, 23, 26, 15:4-5, Rom. 8:10-11, 1 Kor. 3:9, 16, Gal. 2:20, Ef. 3:16-21, Fil. 4:13, Kol. 1:27-29, 2 Tim. 1:14, 1 Joh. 4:4 ¹⁴ Ef. 6:17, Heb. 4:12, Op. 1:16, 2:12, 16, 19:13-15

soos dit die heiliges betaam; ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging. Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van CHRISTUS en van GOD nie. Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van GOD oor die kinders van die ongehoorsaamheid. Wees dan nie hulle deelgenote nie. Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die HERE – wandel soos kinders van die lig. (Want die vrug van die GEES bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.) En beproef wat vir die HERE welbehaaglik is; en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer. Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem. Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want

Oklahoma

Hallo my Broers en Susters in Christus Jesus!

Ek dank God vir Pastoor Alamo! Jesus het gesê: “As die wêreld julle haat, weet julle dat hy My voor julle gehaat het. As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eie liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle. Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: ‘n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle julle woord ook bewaar.”

Dankie Jesus, vir jou kerk, jou liggaam.
Prys die Here!
Fred Schafer

Oklahoma

alles wat openbaar word, is lig. Daarom sê HY: Ontwaak, jy wat slaap en staan op uit die dood, en CHRISTUS sal oor jou skyn. Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wys; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.”

Hierdie is 'n kort opsomming van hoe om ons HERE met jou HELE hart, jou HELE siel, jou HELE verstand en AL jou krag te dien. Baie kerke vandag en baie mense buite die kerke vandag sal vir jou vertel dat jy nie die HERE jou GOD met jou hele hart, siel,

verstand en krag hoef lief te hê nie. Hulle is leuenaars. Hulle is valse profete teen wie JESUS ons vyf keer net in Matteus hoofstuk vier-en-twintig gewaarsku het. SY waarskuwings is om ons onthalwe.

Alles op aarde is so te sê vals. Die aarde is slegs 6,000 jaar oud. Glo jy 'n koolstofmasjien of glo jy GOD? Jy glo dalk dat Lot se vrou nie in 'n soutpilaar verander het nie, maar GOD het gesê sy het en ek glo dit waarlik met my hele hart, siel, verstand en krag. Wil jy uit die wêreld kom of wil jy terug-

(Vervolg op bladsy 8)

Ghana

Liewe Een in Christus

Heilige groete aan jou, die geseënde, en mag jy steeds nog siele wen vir die werk van die almagtige Here. Pastoor, ek is 'n jong, 24-jarige Ghanees en 'n student aan 'n Senior Sekondêre Skool. Ek was voorheen in 'n kerk, maar die duiwel het my beheer om vir 'n paar jaar by die okkulte aan te sluit. My dae van verlossing het gekom in 'n lesingsaal, toe 'n goeie Samaritaan vir my drie van God se nuusbriewe gegee het. Ek kon nie wag tot die einde van die lesing voordat ek dit gelees het nie. Ek was in werklikheid aangeraak deur die Heilige Gees toe ek oor die wonderlike dinge gelees het wat die Here aan die Goeie Samaritaan gedoen het en die leringe wat jy verskaf.

Ek sê dit tot die eer van die Here, dat ek nou 'n totale bekeerling is, 'n Christen. En dis nie net ek nie, maar ek en my 10 vriende wat saam met my in die okkulte was, wat nooit tyd gehad het vir die vrye gode nie, maar wat nou baie mense leer oor die Woord van God, veral my familie. My pa het al die houtbeelde wat hy as gode besit het verbrand. My ma en al die familieleden, 10, is nou Christene.

Daar is nou 'n algehele verandering in my lewe en ek glo nou in die Here met geloof. Ek dink die Here wil my gebruik as sy boodskapper, en met die oog daarop, wil ek selfs graag ophou om rekeningkunde te studeer, en eerder die Here dien. Ek ek my familie en vriende het tans nie 'n Bybel en enigiets wat ons kan help om die Woord van God te leer ken nie, behalwe nuusbriewe. Ons het fundamentele vrae soos: “Kan ons goed wees sonder God?” en “Waarheen is ek nou oppad?”

Ek en my familie sal dit lees, so sal jy asseblief vir ons 'n paar Bybels en 'n paar, enige, nuusbriewe stuur om te lees om die Woord van God te leer ken. Ek sal tans jou leiding en hulp ingevolge die werk van die Here waardeer.

Dankie.

Groete in Christus

Nana Koofa

Kumasi, Ash-Town, Ghana

Europese Koninklikes maak kaal kinders vir die pret dood by mensejagpartytyjies?

Dinsdag, Junie 17, 2014, 7:29

<http://beforeitsnews.com/celebrities/2014/06/european-royals-killing-naked-children-for-fun-at-human-hunting-parties-2465154.html>



Hierdie is een van 'n reeks artikels uit ooggetuie-getuienis voor die Internasionale Geregshof vir Gemeenregtelike Sake in Brussel. Vyf internasionale regters is besig om bewyse van kinderverkragting, marteling, moord en ontvoering te ondersoek, wat na bewering deur wêreldhooggeplaaste lede van die Kinderofferhande-kultusnetwerk van die Negende Satanistiese Kring gepleeg is. Blykbaar het gereelde Negende Sirkel-kinderofferhandes in Rooms-Katolieke katedrale, die Vatikaan, op privaat landgoedere en boorde en regeringsmilitêre basisse in België, Holland, Spanje, Australië, Ierland, Frankryk, Engeland en die VSA plaasgevind. Ten minste 34 kindermassagrafterreine is in Ierland, Spanje en Kanada geïdentifiseer – en opgrawings is geweier deur die onderskeie regerings, die Engelse Kroon en die Katolieke Kerk. Aangewys as teenwoordig in aktiwiteite van die Negende Sirkel, is Pous Francis, voormalige Pous Ratzinger; kerkamptenare van die Anglikaanse, Verenigde Kerk van Kanada en van die Katolieke Kerk insluitend kardinale; lede van die Europese koninklikes waaronder Koningin Elizabeth en Prins Phillip; amptenare van die Kanadese, Australiese, Verenigde Koninkryk- en Verenigde State-weermagte en regerings insluitend die VSA se CIA, sowel as prominente ministers van die regerings, regters, politici; en sakemanne van die VSA, België, Holland, Kanada, Australië, Frankryk, Ierland en die Verenigde Koninkryk.

Volgens die jongste ooggetuie wat vandeeweeke voor die [Internasionale Geregshof vir Gemeenregtelike Sake in Brussel](#) getuig het, is tieners vol dwelms gespuut, kaal

uitgetrek, verkrag, in die woude gejag en deur Europese koninklikes vermoor. Die vrou was die [vierde ooggetuie](#) wat getuig het oor hierdie mensejagpartytyjies van die wêreldhooggeplaastes se Kinderofferhande-kultus-netwerk van die Negende Satanistiese Kring. 'n Voormalige lid van die Nederlandse kriminele dwelmsindikaat bekend as Oktopus het getuig dat slagoffers vir hierdie mensejagpartytyjies by jeugmisdaadsentrums in België en Holland gekry is.

"In 2004 was ek 'n gedwonge getuie tot marteling, verkragting en moordsessies van bedwelmdes kinders wat deur 'n groep hooggeplaaste mense van Nederland uitgevoer is" het 'n vrou verklaar. "Ek is na 'n jagpartytyjie in België naby Brussel geneem waar ek twee seuns en 'n meisie, 14 tot 16 jaar oud, gesien het wat deur wêreldhooggeplaastes gejag en vermoor is. Die mensejagpartytyjie is streng bewaak deur die Nederlandse Koninklike Wagte. Daar is vir my gesê dat Koning Albert van België teenwoordig was."

Vier ooggetuies het bevestig dat hulle as kinders en tieners gedwing is om mensejagpartytyjies by te woon waar hulle en ander kinders verkrag is, sommige is vermoor en dooie seuns se penisse as trofees teen 'n muur in 'n Nederlandse paleis in die platteland uitgestal. Party jagpartytyjies is op die gronde van die Belgiese Koningin Beatrix se Paleis gehou.

Nederlandse terapeut [Toos Nijenhuis](#) het verklaar dat sy as vierjarige gedwing is om moorde op kinders te aanskou, waarby voormalige Pous Ratzinger, 'n Nederlandse Katolieke Kardinaal, sowel as die Nederlands Belgiese Koningin Beatrix se pa en Bilderberger Stigter, Nederlandse Kroonprins Alfrink Bernhard, betrokke was. "Ek het gesien hoe die voormalige Pous Joseph Ratzinger 'n klein dogtertjie vermoor," het nog 'n getuie bevestig. "Dit was by 'n Franse herehuis in die herfs van 1987. Dit was aaklig, verskriklik en dit het nie net een keer gebeur nie. Ratzinger en Bernhard was 'n paar van die meer prominente mans wat deelgeneem het."

In Ierland, Spanje en Kanada is 34 kindermassagrafterreine ontdek en blyk verbind te word aan aktiwiteite van die Negende Sirkel. Die grootste was die Mohawk Indiaanse Residensiële Skool in Brantford, Ontario, waar kinderoorblyfsels in 2008 geïdentifiseer is voordat die Katolieke Kerk, Kanadese regering en Engelse Kroon die opgrawings deur professionele argeoloë, stopgesit het. Die Internasionale Gemenereg Hof van Justisie (IGHJ) het Koningin Elizabeth en Prins Phillip in 2013 skuldig bevind aan die verdwyning van tien kinders van inheemse herkoms van die Katolieke residensiële skool in Kamloops, Brits-Columbië op 10 Oktober 1964. In

die eerste twee weke van die 2014-hofsitting, het getuies Nederlandse en Belgiese koninklikes geïdentifiseer as deelnemers aan die verkragting en moord van Mohawk-kindere en babas, by name Bernhard en Koning Hendrick, metgesel van Koningin Wilhelmina van Holland.

Na bewering was teenwoordig by die mensejagpartytjies: die oorlede Prins Johan Friso en sy vrou, Mabel Wisse Smit, voormalige ministers, die hoof van die Nederlandse weermag, die adjunk-sekretaris van die Raad van State in Nederland, die onderkoning van Koningin Beatrix en ander wêreldsake- en politieke leiers insluitend 'n paar van die VSA. "Die huidige Koning Willem Alexander en Koning Filip en hulle vrouens moet tog sekerlik weet van hierdie mishandeling van en moord op kindere" het een ooggetuie gesê. "Hulle doen niks daaromtrent nie en is waarskynlik die mense wat ondersoek en vervolgings stopsit."

In Januarie 2014 is die broer van die Hollandse koning, Prins Johan Friso dood in 'n koma kort nadat die drie Nederlandse [webtuistes wat hier gewys word](#) die internet getref het. Die webtuistes het onthul dat Friso by die mensejag- en moordpartytjies was. "Die storie het op die internet verskyn nadat daar al jare lank probeer is om die beleids- en geregtighedsdepartement in Nederland sover te kry om teen die kriminele op te tree," het 'n ooggetuie gesê. "Niemand het iets gedoen om hierdie kriminele te keer nie, moontlik omdat Koningin Beatrix en Koning Albert waarskynlik by die ondersoek ingemeng het."

Mensejagpartytjies het na bewering plaasgevind op die gronde van Belgiese Koningin Beatrix se Paleis in Nederland. Twee getuies het gesê dat voormalige Pous Joseph Ratzinger en Koningin Beatrix se pa, die oorlede [Prins Alfrink Bernhard](#), teenwoordig was by kinderofferhande. Beide was glo Nazi-simpatiseerders.

Die IGHJ het 'n versameling Jesuïet-argiefrekords oor 'n kinderofferhandekultus bekend as die *Knights of Darkness* ontvang. Die Knights is in 1933 op die been gebring deur die Katolieke Jesuïete en die Nazi Waffen S.S. Afdeling. Die rekords toon dat Ratzinger geïdentifiseer is as 'n lid van die Knights terwyl hy as 'n S.S.-kapelaanassistent by die Ravensbrück Konsentrasiekamp in Duitsland gewerk het. Die rekords het ook verklaar dat Ratzinger deelgeneem het aan kinderofferhande-rituele waarvoor ontvoerde kindere van die kampe of politieke gevangenes gebruik is.

Nog 'n hofdokument genaamd die *Magisterial Privilege* dui aan dat kinderofferhande 'n gereelde gebeurtenis by die Vatikaan is. Op die jong ouderdom van 12, het "Svali" van die San Diego-staat in Kalifornië, beweer sy is na katakombes onder die Vatikaan geneem om die offerhande van 'n drie-jarige bedwelmde seuntjie te aanskou. In [hierdie video](#) sê haar onderhoudvoerder dat 'n "Maria" 24 jaar vantevore vir hom gesê dat sy 'n ander sataniese kinderofferhande-rite in dieselfde Vatikaanse katakombe aanskou het.

Verlede week het 'n Ierse polisiepeurder aan die IGHJ gesê dat die byna 800 babas, wat in 'n Katolieke Non se

rioolput begrawe is, se ledemate is afgesny, hulle is onthoof en in stukke opgekap – tekens dat hulle dalk in Sataniese kinderofferhande-rites vermoor is. In die laaste twee maande het die IGHJ hierdie hartverskeurende getuienis oor die verkragting, marteling en moord van kindere tot so onlangs as 2010 deur Katolieke leiers, Europese koninklike familieleden en ander hooggeplaastes van oor die wêreld aangehoor. Moordterreine van die Kinderofferhande-kultusnetwerk van die Negende Satanistiese Kring is na bewering in die katakombes van Katolieke Katedrale, waaronder die Vatikaan en op privaat landgoedere, militêre instellings en boorde in België, Holland, Spanje, Australië, Frankryk, Engeland en die VSA.

Die IGHJ is oorweldig deur pas ontdekte bewyse en 'n aantal nuwe getuies wat na vore gekom het om oor die aktiwiteite van die Kinderofferhande-kultusnetwerk van die Negende Satanistiese Kring te getuig. Hulle het moontlik die betrokkenheid van Negende Sirkel Sataniese Kultuslede in internasionale kinderofferhande, ontvoering, uitbuiting en dwelmsindikate ontbloot. Die vyf internasionale regters en 27 jurielede moet vir ten minste 'n jaar in sitting bly, weens die kompleksiteit van die sake.

Amnestie is aangebied aan burgers of werknemers van die Vatikaan, Engelse Kroon, kerke of regerings wat gewillig is om beëdigde getuienis of bewys te gee wat sal lei tot die vervolging van hierdie hooggeplaastes van oor die wêreld, wat van misdade verdink word. Belonings van tot 10,000 euros of ongeveer 13,660 dollar is beskikbaar gestel deur die IGHJ.

Die IGHJ het meer as 450 Gemenereg-vredesbeamptes in 13 lande met 51 plaaslik gestigte groepe gehad wat funksioneer. Fondse om plaaslike groepe te organiseer was beskikbaar vir gemenereg-groepe wat deur die [Internasionale Tribunaal vir Misdade van Kerk en Staat](#) aansoek gedoen het. Om amptenare van die hof of die IGHJ se Veldsekretaris Kevin Annett te kontak, epos na itccscentral@gmail.com, info@iclcj.com, admin@iclcj.com, hiddenfromhistory1@gmail.com, of bel 250-591-4573 (Kanada), of 386-323-5774 (VSA).

Ivoorkus

(Vertaal uit Frans)

Ek is waarlik dankbaar vir hierdie Nuusbriewe wat ek versprei het en wat die lewens verander van mans en vrouens wat ingestem het om dit te lees.

Mag die Here jou ondersteun deur Sy almagtige geregtigheid en steeds die waarheid openbaar waarvoor die Here jou geroep het in Sy diens. Ons is met jou in ons harte, want die tronk kan jou nie keer om God se diens uit te voer nie, want diegene buite die tronk is meer gevange as wat hulle dink. Ons ondersteun jou in ons gebede. Die Here sal jou op die ge-sette tyd onthou.

Konan Alexi

Lagune, Ivoorkus

LOT SE VROU

(Vervolg vanaf bladsy 5)

kyk daarna, net soos Lot se vrou gedoen het? Die wêreld en alles daarin is veroordeel.¹⁶

Indien jy begeer om die ewige lewe te hê en nie veroordeel te word nie, sê hierdie gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹⁷ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹⁸ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹⁹ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,²⁰ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.²¹ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²² Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²³ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes

vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²⁴ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.²⁵ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁶ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.²⁷

Na redding, het JESUS gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²⁸ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.²⁹

Die HERE wil hê dat jy almal van jou redding vertel (Markus 16:15). Jy kan 'n verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van

SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, "Sal 'n mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Maleagi 3:8-12).

16 Jes. 24:19-23, Matt. 24:3-35, 2 Pet. 3:10-12, Op. 8:7-13, 9:1-19, 11:19, 16:2-4, 8-10, 12, 17-21, 21:1 17 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 18 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 19 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 20 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 21 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 22 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 23 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 24 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 25 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 26 Heb. 11:6 27 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 28 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 29 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word 'n werker in die oes van siele deur 'n verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en audioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief 'n kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal.

As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Oktober 2014, 2015 Alle regte voorbehou Wêreld Pastoor Tony Alamo © Geregtig Oktober 2014, 2015

AFRIKAANS—VOLUME 20300—LOT'S WIFE